Ons nooi jou uit om by die OBARO-span aan te sluit en saam 'n beter toekoms vir ons industrie te bou. OBARO glo daarin om 'n positiewe werkskultuur te kweek wat loopbaan-groei en innovasie aanmoedig, daarom is ons opgewonde om die OBARO kultuur met nuwe lede van die OBARO-span te deel. Met 90+ jaar se ondervinding streef OBARO daarna om die boer se besigheid op elke plaas te wees.

# AANKOPE BESTUURDER: BINNE-WINKEL
# OBARO HOOFKANTOOR
## *(Verw.:24/258)*

Die suksesvolle kandidaat sal aan die Algemene Bestuurder: Bedryf rapporteer.

**Verantwoordelikhede:**

- Bestuur van die oorhoofse aankope proses;
- Personeelbestuur;
- Algehele leweransier onderhandelinge;
- Onderhandeling met strategiese leweransiers;
- Samestelling van advertensies en promosies; en
- Belyn maatskappy se strategiese raamwerk in terme van kategorieë, reekse & produkte.

**Vaardighede, Kwalifikasies en Algemene Vereistes:**

- Graad 12 kwalifikasie;
- Minimum van 5 jaar aankope ondervinding;
- Minimum van 3 jaar bestuursondervinding;
- Kennis van OBARO interne stelsels sal voorkeur geniet;
- Relevante kwalifikasie sal voorkeur geniet;
- Rekenaarvaardig en kennis van die MS Office pakket;
- Afrikaans- en Engelsmagtig; en
- Uitstekende kommunikasievaardighede asook goeie menseverhoudinge.

OBARO bied die suksesvolle kandidaat 'n mededingende pakket, gebaseer op totale koste van indiensneming.

**Om aansoek te doen vir hierdie pos, besoek asseblief ons webwerf op** www.obaro.co.za/careers

**Sluitingsdatum:  Vrydag, 14 Junie 2024.**

*Die aanstelling sal gedoen word in ooreenstemming met OBARO se Gelyke Indiensnemingsplan.*

Deur aansoek te doen vir hierdie pos stem u, in terme van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI), in dat u persoonlike inligting wat verkry word deur OBARO en derde party leweransiers, die inligting mag gebruik en stoor om verwysings na te gaan en vir kredietwaardigheid ondersoeke en statistieke verslag doeleindes.  Indien u 30 dae na die sluitingsdatum nog nie van ons verneem het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol is.